higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (VOCATIONAL)

ENTREPRENEURSKAP
NKR VLAK 2

(3021042)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die eienskappe van 'n entrepreneur sluit … in.

A selfaktualiserig
B 'n uitgaande persoonlikheid
C organisasievaardighede
D die vaardighede om te deel

1.2 Die vermoë wat help om iets nuut, oorspronklik en verskillend te doen is…

A innovasie.
B kreatiwiteit.
C breinkartering ('mind-mapping').
D dinkskrum.

1.3 … word beskou as EEN van die bedreigings in die SWOT-analise.

A Gebrek aan sekere vaardighede
B Gebrek aan besigheidservaring
C Nuwe mededingers
D Persoonlike groei

1.4 … weerhou NIE mense daarvan om produkte of dienste te koop nie.

A Waardes
B Kulturele voorkeure
C Ingesteldheid
D Die mark

1.5 … is EEN van die belangrikste funksies wat die entrepreneur moet verrig.

A Ontwerp
B Bemarking
C Fokus ('targeting')
D Opname ('surveying')

1.6 … word as 'n manier beskou waardeur 'n entrepreneur met die mark kommunikeer.

A Verkope
B Promosie
C Oorreding
D Tegniek

Kopiereg voorbehou

1.7 Watter inligting rakende 'n maatskappy word deur die nuusmedia gepubliseer?

A Publisiteit
B Openbare verhoudinge
C Verkope
D 'n Voorbeeld

1.8 … is NIE by die bemarkingsmengsel ingesluit nie.

A Die produk
B Die prys
C Verkope
D Promosies

1.9 Die … is 'n kort en bondige beskrywing van die doel.

A missie
B strategie
C visie
D aksieplan

1.10 In die strategie gaan logistiek oor …

A wat jy nodig het.
B hoe jy geld sal maak.
C waar die besigheid geleë sal wees.
D wat jy sal verskaf.

1.11 Dit behels die delegering van verantwoordelikhede aan ander:

A Weet wat jy delegeer
B Gee duidelike instruksies
C Toon toewyding
D Verstaan wat die plan is.

1.12 'n Lys beoogde geleenthede en hul tydraamwerke:

A Vraelys
B Skedule
C Aksieplan
D Tydraamwerke

1.13 … word as een van die beplanningstadiums beskou.

A Buigsaamheid
B Skep van scenarios
C Doelwitformulering
D Maak van waarnemings

Kopiereg voorbehou

1.14 … word beskou as 'n bate wat deur 'n onderneming gebruik word.

A Kapitaal
B Markaandeel
C Kontantvloei
D Profyt

1.15 Wanneer die prys verhoog word en die aanvraag dieselfde bly, is die aanvraag …

A elasties.
B onelasties.
C gereguleer
D Geeneen van die bogenoemde

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

spertye; oortuigings en gebruike; politieke magte; wins; organisasievaardighede; tegniese vaardigheid, finansiële kontrole; dinkskrum; bestuur en gedrag; vraelys; advertensie; bruto wins; bedryfsplan; bemarkingsplan; makro; verstedeliking; finansiële plan; marknavorsing; vaste koste; basiese navorsing; oorhoofse koste

2.1 … is 'n kenmerk van 'n entrepreneur wat die organisering van persone, bates, toerusting en voorraad behels.

2.2 Gebrek aan hierdie faktor lei tot die sukses of mislukking van 'n entrepreneur.

2.3 Dit is een van die uitdagings wat in die eksterne omgewing gevind word.

2.4 Dit is die proses om idees te genereer deur meer as een persoon te betrek.

2.5 Die entrepreneur sal … uitvoer om te sien of 'n idee uitvoerbaar, lewensvatbaar en bemarkbaar is.

2.6 … word deur die entrepreneur gebruik om uit te vind wat die behoeftes van die teikenmark is.

2.7 Die … is die verskil tussen die kosprys en verkoopprys van 'n produk.

2.8 Hierdie is die koste wat nie aan 'n spesifieke produk toegeskryf kan word nie.

2.9 … is 'n voorbeeld van 'n metode wat vir promosie gebruik kan word.

2.10 … is die geld na die veranderlike koste afgetrek is.

Kopiereg voorbehou

2.11 … kan nie gewysig word nie, daar moet ten alle koste daaraan voldoen word.

2.12 Verskaf detail van die toerusting wat benodig word.

2.13 … is voorbeelde van 'n sosiale omgewing.

2.14 … word as 'n voorbeeld van sosiale magte beskou.

2.15 Verskillende komponente van 'n besigheidsplan sluit die … in.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

BONS TERUG IN BESIGHEID ('BOUNCE BACK IN BUSINESS')
Vra enige entrepreneur en hy/sy sal jou vertel om 'n onderneming te begin ten spyte van foute, mislukkings en terugslae, moeilik is. So wat verg dit om jou vroeë tekortkominge te oorleef en werklike besigheidsgroei en volwassenheid te sien? Goeie leiding, deursettingsvermoë en 'n plan is die belangrikste.

BEPLAN OM TE VOLHARD
Entrepreneurskap is nie vir die lafhartiges nie. 'Al kan jy al die blokkies aftik, rol besigheid nie net in nie. Jy moet jou strategieë in plek hê, daaraan werk en volhou', deel Glenda Pieters, 'n entrepreneur en sakevrou. As deel van 'n span van drie agter 'n maatskappy genaamd, Naturally Good, het Glenda lesse op die harde manier geleer. Voor haar produkte wat natuurlike en omgewingsvriendelike skoonmaakmateriaal, van stapel gestuur het, het sy en haar suster Charlene hul eerste onderneming, Eco Intelligent, gesluit. Volgens Glenda was die maatskappy die slagoffer van swak beplanning en 'n vennootskap wat in verskillende rigtings getrek het. Die susters het hulself toe herorganiseer. Hul grootste fout het hul grootste lesse geword en hul het met 'n duidelike plan en strategie na vore gekom.

WERK AAN JOU ONDERNEMING, NIE NET DAARIN NIE
'n Duidelike visie van wat jy en hoe jy gaan doen (stapsgewys afgebreek) is noodsaaklik in enige besigheid se sukses, word deur Neal Roberts, 'n entrepreneur, besigheidsbemagtiger en –afrigter, beaam. Neal Roberts verklaar ook dat 'Baie nuwe entrepreneurs in hul ondernemings werk, eerder as aan die ondernemings. Hul raak so vasgevang in die daaglikse bevrediging van kliënte, dat hul nooit terugtree om na die sleutelaanwysers te kyk wat aandui of 'n onderneming suksesvol funksioneer nie.' Die resultate? Groot foute, massiewe terugslae en besigheidsmislukking.

Kopiereg voorbehou

3.1 Besighede begin met 'n besigheidsplan.

Verduidelik aan Glenda VIER doeleindes met die opstel van 'n besigheidsplan. (4 × 2) (8)

3.2 Noem VIER persoonlikheidseienskappe wat tot haar sukses as 'n entrepreneur sou bygedra het. (4 × 2) (8)

3.3 Verkope van Glenda se produkte word deur die prys op elke produk beïnvloed.

Noem VIER faktore wat haar prysbepaling sal beïnvloed. (4)

3.4 Glenda het 'n unieke onderneming identifiseer wat in sorgprodukte handel dryf.

Verduidelik enige TWEE metodes wat sy kan gebruik om haar innovasie te beskerm. (2 × 2) (4)

3.5 Verduidelik hoe die volgende faktore Glenda se operasies kan beïnvloed:

3.5.1 Ingesteldheid

3.5.2 Geloof

(2 × 2) (4)

3.6 'n Goeie bestuursvaardigheid is in alle ondernemings noodsaaklik.

Noem VIER bestuursfunksies. (4)

3.7 Verduidelik aan Glenda die verskil tussen primêre en sekondêre data. (2 × 1) (2)

3.8 Bespreek VIER kliëntverhoudingspraktyke wat deur Glenda in die bestuur van haar onderneming gebruik kan word. (4 × 2) (8)

[42]

VRAAG 4

4.1 Behoorlike beplanning is belangrik vir Glenda. Verduidelik die volgende terme aan haar:

4.1.1 Taakprioritisering

4.1.2 Taaklys

(2 × 2) (4)

4.2 Bespreek VIER van die faktore wat onder die beskrywing van Glenda se onderneming sal val, indien sy 'n besigheidsplan wil saamstel. (4 × 2) (8)

4.3 Wat verstaan jy onder die *bondigheid* en *volledigheid* van 'n besigheidsplan? (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 4.4.1 Watter vorm van besigheid het Glenda?

4.4.2 Gee EEN rede vir die antwoord op VRAAG 4.4.1.

(2 x 1) (2)
[18]

VRAAG 5

Glenda is daarin geïnteresseerd om te weet wat die veranderlike, vaste en totale koste is.

Syfers vir die veranderlike koste is soos volg:

Salarisse	R18 700
Materiaal	R12 800
Versekering	R1 300
Huur van gebou	R5 300
Telefoonrekening	R2 400

Gebruik die bostaande inligting om die volgende koste te bereken:

5.1 Veranderlike koste (3)

5.2 Vaste koste (4)

5.3 Totale koste (3)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou